28 Februarie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 2

e Hervormer

www.hervormer.co.za
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

In hierdie uitgawe…

Voorblad:
www.hervormer.co.za
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus van predikante
Gemeentenuus
Kennisgewings en advertensies
Agterblad

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za

Epos adresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Voorblad

Die Hervormer se webblad: www.hervormer.co.za

Die *e*-Hervormer is gekoppel aan *Die Hervormer* se webwerf wat sedert Januarie 2008 bestaan. Die voordeel van hierdie webwerf is dat dit ’n wêreld van moontlikhede tot beskikking stel vir die verspreiding, bemarking en relevansie van die *e*-Hervormer asook vir *Die Hervormer.*

Die amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk kan nou letterlik ’n stem word wat wêreldwyd gehoor kan word. Die beplanning is om hierdie webwerf met verloop van tyd verder uit te bou om effektiewe kommunikasie binne sowel as buite die Kerk te dien. Op die *Agterblad* word hierdie webblad in fyner besonderhede bekendgestel.

Kerknuus

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**
Ds GFJ Beukes van Johannesburg-Suid (deeltyds) na die kombinasie Belfast/Dullstroom (deeltyds).

► **Beroep aanvaar**
Ds BC Oberholzer van Otjiwarongo/Outjo na Messina/Van Warmelo.

► **Beroep bedank**
Ds CEC Hertzog van Middelburg-Noord na Verwoerdburg.

NUUS VAN PREDIKANTE

► **Ds Pierre de Beer**, predikant van Vredefort, is op 26 Februarie, terwyl hy besig was met huisbesoek, aan ’n hartaanval oorlede. Hy laat sy vrou Helena en twee kinders, ’n seun en ’n dogter, agter. Ds De Beer was 53 jaar oud. Die begrafnis vind plaas op Vrydag 29 Februarie vanuit die moedergemeente Potchefstroom om 14:00. *Predikante wat die begrafnis bywoon, word versoek om togas saam te bring en in die konsistorie aan te meld.*

► **Ds Johan du Preez** se broer is onlangs oorlede. Ds Du Preez wil graag sy dank betuig aan almal wat hom en sy familie bygestaan het in dié moeilike tyd. Hy betuig veral dank vir die finansiële hulp.

GEMEENTENUUS

■ **Rustenburg-Tuine** wag die aansoeke in van predikante om die vakante tweede standplaas te vul. Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n verkorte CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: Die Skriba, Gemeente Rustenburg-Tuine, Posbus 20020, PROTEAPARK 0305. Aansoeke sluit op 15 Maart 2008.

■ **Brakpan Harmonie** wag die aansoeke van predikante in vir die vakante standplaas. Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n verkorte CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: Die Skriba, Gemeente Brakpan Harmonie, Posbus 3628, Dalview, 1544. Aansoeke sluit op 31 Maart 2008.

■ **Brackenhurst** wag aansoeke in ten einde die volgende vakature te vul: **Benoemingspos**

Posbeskrywing

- Ontwikkel, bevorder en bestuur die missionêre gerigtheid van die gemeente.
- Die bestuur, bedryf en ontwikkeling van die bedieninge in die Gemeente.
- Die ontwikkeling, bestuur en bedryf van ’n effektiewe jeugbediening in die gemeente.

Versorgingspakket
Kontanttraktement: R200 000 per jaar.
Die pos is ’n benoeming vir een jaar, met die bedoeling dat dit so gou moontlik na ’n volversorgde standplaas opgegradeer sal word.

Meer besonderhede kan verkry word by:

- Predikant: ds Gys Els, telnr 011 867 4995 / gels@mweb.co.za
- Adminbeampte: Suzette van Oudtshoorn, telnr 011 868 3625 / nhkbrack@ananzi.co.za
- Skriba: Hannes Liebenberg, selnr 082 824 7456 / h.liebenberg@techmet.co.za

■ **Pretoria-Wes** benodig dringend ’n orrelis. Vergoeding volgens Kerkriglyne, kwalifikasies en ondervinding. Rig aansoeke aan Gemeente Pretoria-Wes deur dit óf te e-pos na nhkpretoriawes@nhk.co.za óf te pos na Posbus 19240, Pretoria-Wes 0117. Die gemeente kan gekontak word by 012 327 2323.

■ **Vanderbijlpark** se kerkraad en gemeente het op Donderdagaand 26 Februarie met lede van die Taakspan en die ringskommissie van Vereeniging gesprek gevoer oor die toekomstige bediening in die gemeente. Onder leiding van die ringskommissie sal

daar die volgende drie maande spesifiek en intensief oor die saak gehandel word.

■ **Die Gemeente Swellendam** is op 16 Junie 1958 gestig en is dus vanjaar 50 jaar oud.
Die feesvieringe begin die naweek van 24 Februarie 2008 wanneer die gemeente se erediens plaasvind op **Landplaas.**
Dit is waar die eerste Hervormde erediens in die geweste gehou is deur ds André Brandt, destyds van Kaapstad.
Die groot feesviering vind plaas op 14 en 15 Junie 2008.
Oudlidmate en ander belangstellendes kan met ds Thomas Joubert skakel vir meer besonderhede: 028 5141546 of swellendam@nhk.co.za

Advertensies en kennisgewings

● Zimbabwe-bediening
Die bedieningskomitee is op soek na bruikbare tafels en rakke vir die stoor van voorrade. Kan iemand dalk help? Indien wel, skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Kerkkantoor, 012 322 8885.
Ds Colin Hertzog en verskeie lidmate vertrek vanaf 29 Februarie tot 2 Maart met ’n aantal voertuie om kosvoorrade na Zimbabwe te neem voor die verkiesing. Die normale besoek in Maart deur ds en mev Thys Redelinghuys na Harare en ds Richard van der Westhuizen na Bulawayo sal ook steeds plaasvind.

● Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader op 6 en 7 Maart. Tydens die vergadering sal onder meer die volgende sake hanteer word:

- Die ondervraging van die finalejaar teologiese studente met die oog op toelating tot die evangeliebediening.
- Gesprek met die NHSV Hoofbestuur oor hulle strategiese beplanning.
- Benoeming van die Proponents-eksamenkommissie en sekundi vir die Kuratorium.
- Aansoeke van voormalige predikante om hertoelating tot die evangeliebediening.
- Aansoeke van predikante om van lewenstaat te verander, om losgemaak te word uit standplase met behoud van ampsvoorreg, en om emeritaat.
- Verskeie aangeleenthede wat die ampte raak.
- Beplanning vir die bywoning van ringsvergaderings vir 2008.
- Verskeie versoeke van gemeentes oor ’n verskeidenheid sake.
- Die bediening van lidmate in Zambië, Namibië en Wene
- Skrywes oor die toeganklikheid tot argivalia.
- Verskeie aangeleenthede rondom ekumeniese betrekkinge. Die GER en WARC staan veral op die voorgrond.
- ’n Memorandum oor tuisonderrig, geskryf deur prof Ferdi Potgieter.
- Verskeie aangeleenthede wat deur die Raad van Finansies aan adres van die Kommissie gerig is.
- Die samestelling van die studiekomitee oor die verkleining van die Algemene Kerkvergadering.

● Die gesamentlike vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Kuratorium, die Dosentevergadering, AIM, die Hervormde Teologiese Kollege en die Proponentseksamenkommissie vind plaas op Donderdag 6 Maart om 14:00 by die Kerkkantoor.

● Die NHSV-Noordwesstreek bied aan: Navi Redd
Datum: 19 Maart 2008
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Gemeente Potchefstroom
Koste: R50p/p
Ten bate van: Blankearmoedefonds
Kontak: Ds Tharina Steenkamp 082 336 1916 of mev Adri Botha 082 403 5051

● Beraad oor armoede – Woensdag 5 Maart
AIM en die Kommissie van die ADV het besin oor die sinvolheid en die effektiwiteit van die werk wat die kerk reeds doen om armoede te help verlig. Alle belangstellende lidmate en ampsdraers word uitgenooi na hierdie beraad om hulle standpunte en belewenisse te kom deel. Die volgende vrae sal aan die orde gestel word:

- Hoe sien die situasie van armoede tans daar uit? Hier sal onder andere gefokus word op die nuutste statistieke wat beskikbaar is. Verhale van hoop en wanhoop sal deur kundiges met die beraad gedeel word.
- Daar sal saam gesoek word na ’n Bybels-teologiese besinning oor die Kerk se verstaan van armoede asook oor die Kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van die mense wat elke dag in armoede leef.
- Daar sal krities gekyk word na die effektiwiteit van armoedeverligtings-programme wat tans deur die Kerk bedryf word. Die groot vraag is of die Kerk die probleem instandhou en of die Kerk werklik ’n verskil maak in arm mense se lewens oor die langtermyn.
- Die beraad sal poog om na die aanvanklike evaluering weer op aksiestappe te besluit wat die Kerk se bestaande armoedeverligtingsprogramme kan hervisioneer.
- Daar sal gepoog word om vanuit hierdie beraad ander akademici en internasionale vennote soos byvoorbeeld die Hendrik Kramer Instituut in Utrecht te betrek.
- Hierdie beraad moet bydra tot die groei en die bloei van die missionêre diakonaat.

Die beraad vind plaas op 5 Maart 2008.
Tyd: 9:00-17:00
Plek: Gemeente Oos-Moot in Waverley
Indien u die beraad wil bywoon, kan u plek bespreek by **dr Wilhelm Coetzer by 012 322 885 of prof Natie van Wyk by 082 448 4759.**

● **WEN 'N FANTASTIESE WEEK VIR 4 PERSONE!**
Fondsinsamelingsprojek - NHK Richardsbaai
Wen 'n fantastiese geleentheid om saam met 3 vriende 'n wonderlike week in Sodwana deur te bring.
3 dae hengel op die oop see, 1 dag in die Mkuze-wildtuin, met 'n braai en, 2 dae om u eie ding te doen. Strandhengel, perdry, 4-wiel motorfietsritte, swem of net kuier.
Gratis akkommodasie by 'n Lodge vir 4 persone vir 7 nagte. Bring slegs u eie kos en drinkgoed. Arriveer op 12 April en vertrek op 19 April 2008. SLEGS 100 KAARTJIES BESKIKBAAR!
Trekkingsdatum: 15 Maart 2008. Waarde van prys: ongeveer R22 500
Koste per lootjie: R500. Kontak Juanette vir verdere besonderhede en kaartjieverkope.
Sel 083 218 7352

● **Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging**
SAKOV onderneem elke jaar 'n spesiale projek vir sy lede.
Dit behels die beskikbaarstelling van boeke en CD's. Daar is nog voorraad beskikbaar van
SAKOV se 2002-, 2004-, 2005- en 2007-projekte.
~ Meer besonderhede asook 'n bestelvorm beskikbaar in die volledige e-Hervormer.

● **Evaluering van voornemende teologiese studente**
Die evaluering van **voornemende teologiese studente** vind op 11 April 2008 plaas.
Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer.
Plek: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
Datum: Aprilmaand van elke jaar
Aansoekvorms kan aangevra word vanaf:
Die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding
Posbus 2368
PRETORIA 0001
Telefoonnommer 012 420 5393; Faksnommer012 420 4303; E-posadres: betsie.brits@up.ac.za

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER, WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Agterblad

www.hervormer.co.za

Die webwerf van *Die Hervormer* is in Januarie 2008 geaktiveer met die volgende doelwitte:

- Om 'n elektroniese tuiste te skep waar die *e*-Hervormer gesetel kan wees.
- Om verdere moontlikhede aan *Die Hervormer* te bied ten opsigte van verspreiding, bemarking en relevansie in die elektroniese wêreld.
- Om die jeug in 'n eietydse medium te betrek by die nuus en bedieninge van die Hervormde Kerk.
- Om 'n interaktiewe medium vir kommunikasie van nuus, gebeure en gesprekke te vestig.

By die invoer van die adres www.hervormer.co.za, word u welkom geheet by die *Voorblad,* waar 'n paar opsies gestel word.
Gaan maak gerus 'n draai by www.hervormer.co.za of volg die Publikasiesskakel op die Kerk se webwerf www.nhk.co.za en laat ons weet wat u dink by nuus@hervormer.co.za